

Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie

Kynoch maak sy merk met verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

Met 'n nuwe benadering, gekoppel aan 'n ou bekende handelsmerk, het Kynoch die afgelope seisoen weer produsente op die plaas bygestaan om die volle potensiaal van seisoen te benut.

Met 'n uitstekende produkreeks wat pasgemaak word vir elke situasie, bied Kynoch 'n omvattende reeks plantvoedingsoplossings aan sy kliënte. Kynoch beskik ook oor voldoende landboukundigheid en verteenwoordiging in elke geografiese area om die produsente te ondersteun.

Gewasspesifieke voeding

Geen twee gewasse het dieselfde voedingsbehoefte nie en om hierdie rede glo Kynoch aan gewasspesifieke produkte. So verskil die voedingsbehoefte van byvoorbeeld mielies (gras) van sojabone (peulgewas) en sonneblom (olieryke gewas) en dan is daar nog weidingsgewasse ook. Binne Kynoch is daar spesiale korrelmengsels soos **SuperSpud™** vir aartappels en **SoyMagic™** vir sojabone. Om die gewasspesifieke benadering verder te versterk, is daar ook gewasspesifieke blaarvoedings ontwikkel.

Voeding volgens plantontwikkeling

By Kynoch word groot klem op voldoende plantvoeding dwarsdeur die seisoen gelê aangesien gewasse in voedingsbehoefte op spesifieke groeistadiums verskil. Om die regte voedingstof op die regte tyd aan die gewas beskikbaar te stel, kan nie net opbrengs verbeter nie, maar kan ook die kwaliteit van die produk wat uiteindelik gelewer word verbeter. Daarom is bemestingsvoorstelle nie net gewasspesifiek nie maar word daar aan spesifieke voedingsbehoefte by spesifieke ontwikkelingsstadiums dwarsdeur die seisoen

volendoen.

Een so 'n produk wat aan plantontwikkeling gekoppel is, is byvoorbeeld **KynoPop™**. Onder sekere omstandighede kan voedingstofvoorsiening aan jong saailinge onder sekere omstandighede tekortsiet, veral as wortelontwikkeling deur ongunstige klimaatstoestande vertraag word. **KynoPop™** is ontwikkel om sterk en vinnige ontwikkeling van saailinge oor die algemeen maar spesifiek onder ongunstige toestande daar te stel. Met **KynoPop™** word genoegsame voedingstowwe naby aan die jong saailing geplaas. Hierdie produk en plasing help die gewas om vinnig wortels te ontwikkel en aanyanklike bogrondse groei te versterk. Maksimale ontwikkeling gedurende dié tyd, wanneer die plant reeds besig is om sy potensiaal aan te lê, lei nie net na sterker saailinge nie, maar kan ook uiteindelijke opbrengs positief beïnvloed.

Verbeterde doeltreffendheid

Daar is al baie kennis oor die behoefte aan en gebruik van die verskillende voedingstowwe gegeneer. Kynoch glo dat die verbetering van die doeltreffendheid van die grond en die gewas tot voordeel van die produsent sal wees.

Grond

Kynoch bied 'n omvattende grondchemiese analisediens deur 'n onafhanklike laboratorium aan sy kliënte. Hieruit word bemestingsvoorstelle op 'n per land basis of met presisieboerdery voorskrifkaarte vir bekalking en chemiese regstellings waar nodig gemaak. Die opheffing van grondsuurheid en daarmee saam genoegsame kalsium en magnesium is die eerste stap en vorm die basis van 'n Kynoch-bemestingsvoorstel. Die opheffing van grondsuurheid is ononderhandelbaar in die verbetering van die doeltreffendheid van bemesting om optimale opbrengs te bereik. 'n Grondtoegedende produk met verhoogde effektiwiteit is byvoorbeeld **KynoPlus™**. **KynoPlus™** wat met Agrotain®, 'n urease-inhibeerder, behandel is, het die voordeel van die hoë stikstofkonsentrasie maar

sonder die nadeel van groot vervlugtigingsverliese soos wat by byvoorbeeld ureum kan voorkom. Agrotain® tegnologie word gebruik **om korrel- of vloeibare bemesting in 'n uiters effektiewe stikstofbron te omskep.** **KynoPlus™** vorm die basis van verskeie produkte soos plantermengsels en vloeibare kunsmisstowwe, om die effektiwiteit daarvan te bevorder.

Gewas

Die toediening van spesifieke voedingstowwe gedurende spesifieke plantontwikkelingsstadiums kan die doeltreffendheid van die gewas verbeter. Hoewel die genoegsame voorsiening van die makro-elemente (stikstof, fosfor, kalium, kalsium, magnesium en swael) altyd die grootste deel van die bemestingsvoorstel sal uitmaak, kan tekorte van mikro-elemente soos sink, boor, koper en molibdeen opbrengste en/of die kwaliteit van gewasse nadelig beïnvloed. Om die beskikbaarheid van mikro-elemente op kritiese groeistadiums te verseker, het Kynoch die **Oemff™**-reeks van blaarvoedings ontwikkel. Die **Oemff™**-reeks bestaan uit blaarvoedings pasgemaak vir spesifieke gewasse en selfs groeistadiums, om optimale beskikbaarheid van spesifieke voedingstowwe op belangrike groeistadiums te verseker. Die reeks bestaan tans uit **Mielie Oemff™**, **Koring Oemff™ (vroeg en laat)**, **Sonneblom Oemff™**, **Soja Oemff™** en **Veggie Oemff™**. In gevalle waar spesifieke tekorte aan sekere voedingstowwe bestaan, kan hierdie tekorte uit die omvattende top-kwaliteit **Yara Vita®**-reeks aangevul word.

Ons slagspreuk - **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie**

- het die afgelope jare sy merk gemaak. Hierdie benadering het in verskeie geografiese areas 'n groot verskil op die plaas gemaak en tevrede kliënte is die resultaat.

Vir pasgemaakte Kynoch-oplossings vir alle gewasse onder besproeiing sowel as droëland, kontak die Kynoch Streekkantoor- **(058) 303 0341** of besoek ons webwerf by **www.kynoch.co.za**.